# GETUIENISBRIEF

Kom kyk wat die Here in ons lewens doen

Herfs 2021

## WEES DIE LIG...WELLINGTON!



Ons gebed aan die begin van die jaar was: "Here, hoe dien ons Wellington in 2021? " Ons as Ma's vir Wellington het n opdrag en passie om ons gemeenskap te dien. Die antwoord het duidelik terug gekom as n vraag: Wat het Wellington se mense nodig?

Die antwoord in hierdie uitdagende, deurmekaar en onvoorspelbare tyd het baie duidelik gekom....HOOP, ons gemeenskap het HOOP nodig !

Hoop kom wanneer jy kan SIEN, wanneer daar Lig is, wanneer jy, in die donker jou oë kan hou op die LIG, Jesus, die een wat nooit verander nie, altyd dieselfde is, altyd in beheer is. Hy is ons Lig in die donker wêreld, daarom is ons ook geroep om Sy LIG TE DRA, om nie jou lig onder n beker te sit of om dit vir jouself te hou nie, maar om ander om jou te herinner wie ons LIG is en dat ons ook geroep is om lig in ander se lewens te bring... deur n gebaar van omgee, n oproep, n bemoediging, n bakkie sop, vergifnis en veral om te bid vir mekaar, ons gemeenskap, ons dorp.

Want ons is geroep om LIG-DRAERS te wees. Draers van Hoop, om ons te herinner dat ons nie in die donker om ons moet vaskyk nie, ons oë te hou op die hoop wat ons in Jesus het, want ons wêreld, ons dorp en ons huismense het LIG nodig.

Daarom bly ons bid dat die Heilige Gees, Sy lig sal skyn in ons pragtige dorp, dat die harte en strate van Wellington verlig sal word en dat Hy verheerlik sal word deur ons as Sy ligdraers.

*Stephanie Henderson*
*Stigter en CEO*

*Matt 5:14-16*

*Julle is die lig van die wereld. 'n Stad wat bo-op 'n berg le, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.*

PROGRAM: **SUPERSTERRE KINDERBEDIENING**

Hierdie kwartaal het ons 'n prettige program gehad met baie geleenthede en aktiwiteite vir al die kinders. Die kinders het aan die Wees die Lig-veldtog deelgeneem deur geel klippe te verf met skrif daarop, gloeilampe ingekleur om huis toe te neem en sodoende HOOP by die huis te versprei, en selfs 'n morsige bakdag, waar hulle self geel kolwyntjies versier het!







Ons veldwerkers het met die sosiale besoekvorms vir ons OVC-datastelsel begin. Ouers het die geleentheid gehad om deel te wees van die Kinderbeskermingsmaand, en ons het die wonderlike "partytjietyd" gehad waar ons kind-wees saam met die kinders gevier het.



Hierdie jaar het ons die ouers/versorgers aangemoedig om die kinderbedienings-lesse saam met hul kinders by te woon. Dit is ongelooflik om die vestiging van positiewe verhouding tussen kind en ouer te sien. In die begin sou die ma baie ongeduldig wees met haar kind, maar deur woorde van bemoediging en advies aan die ouer oor ouerskapsvaardighede, ontwikkel hulle 'n sterker vertrouensverhouding en liefde met hul kind.
Dit is wonderlik om te sien hoe die ouer en kind met mekaar kommunikeer deur spel, aktiwiteite en positiewe versterking.



Die Mammas blom deurdat hulle dit regkry om hul kinders met liefde te kan dissiplineer en die kinders daarteen voel veilig en ontwikkel 'n gesonde selfbeeld. Aanvanklik het sommige kinders aan hul mammas vasgeklou en wou nie deelneem aan die aktiwiteite nie, maar nou begin hulle op hul eie waag en verken en speel graag buite by ons veilige speelterrein. *Hulle is eenvoudig gelukkige kinders!*

PROGRAM: **SUPERSTERRE ECD**



Die Supersterre ECD onderwysers het 'n baie suksesvolle kwartaal agter die rug waartydens hulle gedurende programtye meer individuele tyd saam met die kinders kon spandeer. Die klassies is weens pandemie protokol in twee groepe verdeel en klasse word afwisselend twee keer per week bygewoon. Tannie-Mammas tree op as vrywilligers by die groepe en help die kinders met hul aktiwiteite. Dit stel die onderwysers in staat om meer teenwoordig te wees by individuele onderrig en om die kinders te help wat nog stoei met sekere mylpale.







## Danny se Storie (naam verander)

Ons het 'n seuntjie in die skool wat geweldig gehuil het elke keer as hy moes skool bywoon. Selfs in die klas het hy nie aan enige aktiwiteite deelgeneem of wou selfs ‘n woord sê nie.
Die ma wou hom uit die skool onttrek, want sy was skaam vir haar kind se gedrag. Sy het selfs kwaad geword vir hom en gedreig om hom te dwing om skool by te woon.
Ons het vir die ma 'n geleentheid geskep om die kind se huislike omstandighede met ons te deel. Ons het vasgestel dat hy tuis geboelie word deur ouer kinders en selfs volwassenes. Ons het liefdevol met die ma gewerk om haar toe te rus om die situasies tuis te hanteer en haar te help deur vir haar kind op te staan en hom te beskerm. Sy is aangemoedig om spesiale tyd tuis met hom te spandeer en hom heeltyd van haar onvoorwaardelike liefde en ondersteuning te verseker. Ons het hom selfs na 'n ander klas geskuif met 'n onderwyser met 'n sagter stemtoon waartydens hy groot positiewe verandering begin toon het. Hy het aan aktiwiteite begin deelneem en deesdae word sy stemmetjie selfs op die speelgrond gehoor. Ons is super opgewonde om volgende kwartaal met hom die program "Walk With Wounded Children", met hom te begin doen. Hierdie is voorwaar ‘n getuienis wat volgende kwartaal verder vertel sal word...




## Kinderbeskermingsweek

Die Vroeë Kinderontwikkelings-groep het 'n baie suksesvolle Kinderbeskermingsweek gehad waartydens 'n volledige les met die kinders gedoen is om hul van die kosbaarheid en privaatheid van hul liggame te leer.



# PROGRAM: AVODAH

PERSONE MET INTELLEKTUELE UITDAGINGS



Die Avodah-groep het hierdie kwartaal 'n groot rol in die Wees die Lig projek gespeel. Hulle het verseker dat ons pragtige geel klippe met skrif, plakkate en geel gloeilampe vir die gebedstappe gehad het.
Die Avodah-lede het ook die voorreg gehad om kunsterapie met 'n gespesialiseerde kunsterapeut te doen. Ons het groot individuele vordering en genesing beleef deur die sessies.

## *Verbetering in selfvertroue*



Een van ons Avodah-lede sluit Woensdagoggende by haar 3-jarige dogter aan om deel te wees van die Supersterre Kinderbedienings-program. Dit verseker dat hulle spesiale mamma-en-kind-tyd saam spandeer. Hulle geniet hierdie program saam, speel en leer en neem deel aan al die aktiwiteite. Hierdie geleentheid verhoog die mamma se selfvertroue om met outoriteit in te spreek in die dissipline van haar kind.

## *Pret met tromme*





Ons het 'n weeklikse tromsessie begin in vennootskap met Koko van Mosaic Wellington. Dit is een van die opwindendste tye van die lede se week. Hulle word ritmes geleer om musiek te maak, in eenheid te speel en ook bietjie hul eie kreatiewe ritmes te skep.

Dit is 'n totaal nuwe liggaamservaring wat geniet word saam met met danspassies en handeklap.

# PROGRAM: VROUEBEDIENING

Hierdie kwartaal was 'n tyd vir al die dames van die Vrouebediening om hulle in hul nuwe rolle by MvW te vestig. Ons moes totsiens gesê aan van ons ouer dames, sommige wat tot al 13 jaar lank langs Stephanie dien en deel is van die span. Dit was 'n tyd om hul te eer en dankie te sê vir al hul harde werk, sweet en trane, baie lag en drukkies. Ma's vir Wellington kan nie funksioneer sonder die hulp en gebede van hierdie wonderlike dames wat daagliks die kinders uit hul eie gemeenskap dien nie. Hulle is ons hande, voete en broodnodige intersessors.



# STATISTIEK

## SUPERSTERRE KINDERBEDIENING

- 8 Noodhulp
- 11 Verjaarsdag-geskenke
- 41 Klerepakkies
- 19 Right to Care Ontwurming & Vit A

Kinders ingeskryf **47**

| Maart | April | Mei |
|---|---|---|
| 80% | 92% | 84% |

Bywoning

- 268 Kospakkies
- Middagete 427
- 427 Ontbyt

## SUPERSTERRE ECD

- 10 Noodhulp

28 Huisbesoeke

| Maart | April | Mei |
|---|---|---|
| 76% | 81% | 71% |

Bywoning

Kinders ingeskryf **64**

- 163 Kospakkies
- Middagetes 1014
- 904 Ontbyt

## AVODAH

- 10 Noodhulp
- 23 Klerepakkies

| Maart | April | Mei |
|---|---|---|
| 92% | 94% | 88% |

Bywoning

Lede Ingeskryf **15**

- 163 Kospakkies
- Middagetes 355
- 9 Huisbesoeke

## VROUEBEDIENING

- 75 Klerepakkies

Begunstigdes **60**

- 79 Kospakkies
- Middagetes 368
- 7 Huisbesoeke

## IN MEMORIAM



### Bettie Willemse

3.12.1955 - 26.6.2021

Dis met groot hartseer dat ons afskeid neem van ons geliefde Tannie-Mamma.

Ons kies vandag om haar lewe te vier en die wysheid wat sy ons kom leer het, in te drink. Haar nederige menswees en opregte omgee vir haar medemens sal ons harte bybly. Tannie Bettie se liefde en afhanklikheid vir ons Vader God is 'n voorbeeld vir elke persoon wat HOOP in ons wêreld nodig het.

*Ons Vader wat in die Hemel is, laat U NAAM geheilig word!*



### Elsie Willemse

10.9.1953 - 7.7.2021

Dit is met groot hartseer dat ons vandag moet afskeid neem van tannie Elsie. Ons gaan haar liefde vir ons kinders, 'n grappie op sy tyd, haar getroue betrokkenheid by ons programme en haar vrolike lag verseker baie mis.

Die Here is my Herder

Ek sal geen hartseer vrees nie. Hy droog my trane af en as ek alleen voel, hou Hy my vas. Hy vertroetel en vertroos my, want wie ken my behoeftes beter as Hy? Al gaan my lewe deur donker dae, sal Hy my teen Sy boesem hou en my herinnner dat Hy in beheer is.

Amen